## Deel 5 - 17 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Ester 2:20

20d En dit was sy (**Mordegai) se droom**: Daar het 'n geroep en 'n geraas ontstaan, en donderslae en aardbewinge, en 'n groot verwarring op die Aarde.

20d1 En kyk, **twee groot Drake** het teenoor mekaar gestaan, en hulle was gereed om te veg.

20e En toe hulle skreeu, het al die nasies hulle voorberei vir die **stryd teen die volk van die regverdiges.**

20f Dit was 'n dag van duisternis en gevaar, van verdrukking en benoudheid; en **'n geweldige Vrees het oor die Aarde gekom.** (tyd van die natuurkatastrofe?)

20g Die volk van die regverdiges was ontsteld, want hulle het groot besoedeling vir hulleself verwag en hulle het **hulle voorberei om te sterwe**.

20h Hulle het na Elohim geroep. En terwyl hulle roep, **het 'n klein Fontein vermeerder tot 'n baie groot rivier en voortgevloei soos 'n magtige stroom**. [Sirah 24:30-31]

20i **Lig en die son het gekom**; en die wat verdruk is, het hulle verhef en **die hoogmoediges verslind**.

20j Toe Mórdegai hierdie dinge gesien het, het hy opgestaan van sy bed, en hy het gepeins wat Elohim voornemens was om te doen. En hy het die droomgesig vasgehou in sy gees, omdat hy begeer het om die sin daarvan te verstaan.

Ester 9:22

22c Die klein Fontein wat tot 'n rivier vermeerder en dan in 'n lig en die son verander en soos 'n magtige stroom wat voortgevloei het, - **sy is Ester**, **wat die koning as sy vrou geneem het en oor wie hy besluit het dat sy koningin sou wees.**

22d Die twee Drake is ek en Haman.

22e Die nasies wat saamgekom het, is die wat pogings aangewend het om die **naam van die manne van JeHûWdah uit te roei.**

22f Maar my volk is JisraEl, wat na JaHWeH geroep het; en **JaHWeH het Sy volk verlos**: Hy het ons gered uit alle boosheid, en Hy het groot tekens en wonders gewerk onder die nasies.

22g Ook het Hy twee lotsbestemminge verordineer: **een vir die volk van Elohim** en 'n ander vir die orige nasies.

22h En altwee lotsbestemminge het op die dag wat vanaf daardie tyd reeds vir al die nasies bepaal is, voor die Aangesig van Elohim gekom.

22i **En JaHWeH het aan Sy volk gedink, en Hy het Hom ontferm oor Sy Erfdeel**.

***Groot Johannes Evangelie Boek 6; Hfs 174***

Voorspelling van die groot oordeel van die huidige tyd

**Hfs 174** (**Die Meester JaHshua**:) 'Soos wat dit egter met die oordeel oor Jerusalem sal gaan, so sal dit ook gaan met `n toekomstige, **groot oordeel oor die wêreld, wanneer Ek `n definitiewe einde sal maak aan die groot hoer van Babel.** Dit sal dan `n oordeel wees soos ten tye van Noag en ten tye van Sodom en Gomorra.

[2] Dan sal daar ook groot tekens op aarde, op see en aan die hemel plaasvind, en **Ek sal knegte opwek wat vanuit My woord die komende oordeel op velerlei wyse sal voorspel.** Maar as gevolg van die hoogmoed van die mense sal hulle **nie daarna luister nie**, en as hulle daarna luister, sal hulle hulle woorde tog nie glo nie, maar hulle **uitlag asof hulle dwase** is. Maar juis dit sal met die grootste sekerheid bevestig dat die groot oordeel, wat alle boosdoeners deur die vuur sal verteer, onherroeplik in aantog is.

[3] So sal in dieselfde tyd ook **talle jongelinge visioene hê, en talle jong vroue sal voorspel** oor die dinge wat sal kom. Geseënd is diegene wat hom daardeur sal verbeter en hom waaragtig sal bekeer!

[4] Die voortekens sal mens net so maklik kan herken as wat aan `n vyeboom te sien is dat die voorjaar kom sodra sy takkies sappig word en gaan uitloop.

[5] Dan sal daar hier en daar tussen die volke **groot oorloë** voorkom, en die een volk sal optrek teen die ander; ook sal daar `n **groot skaarste** intree en sal daar allerlei **epidemiese siektes** uitbreek, soos wat dit by die mense tot dan toe **nog nooit voorgekom het nie**. Ook sal dit deur **groot aardbewings** voorafgegaan word, om te maak dat die mense mekaar daardeur tot boetedoening en liefdadigheid sal aanspoor. Geseënd is diegene wat hom daardeur sal laat lei!

[6] Maar besonder baie sal hulle niks daarvan aantrek nie en alles toeskrywe aan die **blinde kragte van die natuur,** en die profete sal bedrieërs genoem word, en baie sal mense ter wille van My Naam in kerkers gooi en hulle onder bedreiging met swaar straf verbied om in My Naam te praat en `n komende oordeel aan te kondig. **Wie nie sal doen wat die groot hoer van Babel wil hê nie, sal dit baie moeilik kry**.

[7] Al hierdie dinge moet eers gebeur, ongeveer sewehonderd jaar voor die oordeel, sodat niemand daarna kan sê dat hy nie voldoende gewaarsku was nie. **Maar van nou af sal daar nog geen volle twee duisend jaar verbygaan voordat die groot oordeel op hierdie aarde sal plaasvind nie**; en dit sal dan duidelik die jongste, maar tewens ook die **laaste oordeel** op hierdie aarde wees.

[8] **Eers daarna sal die paradys op aarde kom**, en die wolf en die lam sal vreedsaam in één stal woon en saam uit één skottel eet.

[9] As die oordeel naderkom, sal die teken van die Menseseun ook aan die hemel te sien wees, **wat beteken dat die hemel in die mens My as die enigste Meester van hemel en aarde sal erken, en die siel van die mens sal My prys en die hoogste lof gee**.

[10] Dit is dan egter nog nie die voleindiging van die mens nie. Maar wanneer Ek, lig en stralend in die wolke van die hemele, met alle hemelmagte, onder geskal soos van talle oorlogs- en oordeelsbasuine **in die lewende woord vir alle mense sal optree in die egte hemel, wat in die hart van die mens is, dan het die wêreldoordeel gekom.**

[11] Die ware mens sal dan My glansrykheid binnegaan, en die boosdoeners sal verteer word deur die vuur van My regverdige toorn, en binnegaan in die ryk van hulle bose dade, wat gereedgemaak is vir alle onverbeterlike duiwels. Want laat diegene wat uit homself vrywillig die hel kies, dan ook daarin vervloek wees, soos wat hulle in hulself vervloek is. Soos wat die goeie egter ewig goed sal bly, so sal ook die bose in homself ewig boos bly en die ewige, geoordeelde ondergrond sal vir My ewig as voetbank moet dien.

[12] Ekself, as oergoddelike Persoon, sal egter niemand oordeel nie, **maar dit sal My woord doen wat Ek tot julle gespreek het**. Want wanneer Ek eenmaal opgevaar het na My ryk, sal Ek nooit meer in die vlees op hierdie aarde terugkom nie, **maar enkel in die Gees, in die Woord, en dit sal so wees soos wat dit in die begin was, waaroor geskryf staan: In die begin was die woord, die woord was by Elohim, en Elohim was die Woord.** Die Woord het egter Vlees geword en het onder die mense gewoon. Hy, dit wil sê, Ek, het gekom na My eiendom, en Myne het My nie herken nie; want die wêreld en haar vlees het hulle almal blind en doof gemaak.

Jesaja 2

1 DIE woord wat JeshaJaHûW, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot **JeHûWdah en Jerusalem.**

2 En aan die **einde van die dae** sal die **berg van die Huis van JaHWeH** vas staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en **al die nasies sal daarheen toestroom.**

3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die Berg van JaHWeH, na die **Huis van die Elohey van Jakob**, dat Hy ons Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel. Want uit **Sion sal die Wet uitgaan** en die **Woord van JaHWeH uit Jerusalem**. [Miga 4:2]

Miga 4 en 5

6 In dié dag, spreek JaHWeH, wil Ek versamel **die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.**

7 Dan sal Ek die wat kreupel was, **tot 'n oorblyfsel** maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En JaHWeH sal **Koning wees** oor hulle **op die Berg van Sion**, van nou af tot in ewigheid.

8 En U, Toring van die skape, Vesting van die Dogter van Sion, na Jou sal dit kom, ja, **die vroeëre heerskappy** sal kom, die **Koningskap vir die Dogter van Jerusalem**. [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]

9 Waarom skreeu Jy nou so hard? Is daar geen koning in Jou nie? Of het Jou raadgewer omgekom, **sodat smart Jou aangegryp het soos van Een wat baar**? [Psalm 61; Openbaring 12]

10 **Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion,** soos Een wat baar! Want nou sal Jy die Stad (***Europa***) verlaat en op die veld (***Boere-republieke***) gaan woon; en Jy sal in Babel (***Nuwe Suid-Afrika***) aankom - dáár sal Jy gered word, dáár **sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande**. [DaniEl 3:1; 4:30]

11 En nou is daar baie nasies teen Jou versamel wat sê: **Laat Haar besoedel word, en laat ons oë met welgevalle neersien op Sion**.

12 Maar hulle ken nie die gedagtes van JaHWeH nie en verstaan nie Sy besluit nie, dat Hy hulle **versamel het** soos gerwe op die dorsvloer.

13 **Staan op en dors, o Dogter van Sion! (*Gilgal is opgerig*)** Want Ek sal Jou Horing Yster maak en Jou kloue koper, en Jy sal baie volke fyn trap; en Jy sal hulle onregverdige wins aan JaHWeH toewy en hulle rykdom aan die Elohey van die ganse Aarde. [Odes van Salomo 23:13; JeshaJaH 41:15]

Miga 5

1 NOU sal jy by hope bymekaar moet kom, o Dogter van Krygsbendes; [die vyand] het 'n wal teen ons opgegooi; met 'n septer slaan hulle die Regeerder van JisraEl op die kakebeen.

2 En jy, **Beth-Legem2 Éfrata**, (***huis van die Brood***) klein om te wees onder die duisende van JeHûWdah, uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n Vors in JisraEl sal wees; en Sy afkoms is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

3 Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd **dat 'n Barende gebaar het.** Dan sal die oorblyfsel van Sy broers saam met die kinders van JisraEl terugkeer.

4 **En Hy sal optree en [hulle] laat wei** in die Sterkte van JaHWeH, in my Meester van die Naam van JaHWeH Sy Elohey; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die Aarde. [JeshaJaH 4:4]

5 **En Hy sal Vrede wees**. Wanneer Assur in Ons Aarde kom en hy Ons paleise wil betree, **sal Ons teenoor hom sewe herders stel, en agt vorste** uit die adamiete. [Openbaring 1:20]

6 En hulle sal die **Aarde van Assur** met die swaard afwei en die **Aarde van Nimrod** by haar ingange. So sal Hy [Ons] dan van Assur bevry, wanneer hy in Ons Aarde kom en Ons grondgebied betree.

7 Dan sal die **oorblyfsel van Jakob** onder baie volke wees soos **Dou van JaHWeH**, soos reënbuie op die plante, wat op geen adamiet wag nie en ter wille van geen seun van adam vertoef nie.

8 En die **oorblyfsel van Jakob (*Openb 7; 144 000*)** tussen die nasies sal onder baie volke wees **soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee**; wat, as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red.